
SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# VOORBEREIDENDE EKSAMEN

# 2023

**10792**

**GESKIEDENIS**

**(VRAESTEL 2)**

**TYD: 3 uur**

**PUNTE: 150**

GESKIEDENIS V2

10792A

X05

**8 bladsye + 'n addendum van 14 bladsye**

SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: BURGERLIKE WEERSTAND, 1970's TOT 1980's: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

   VRAAG 2: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

   VRAAG 3: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE, 1989 TOT DIE HEDE

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA

   VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

   VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Ten minste EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet 'n opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n brongebaseerde vraag óf 'n opstelvraag wees.

5. Jy word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te spandeer.

6. In die beantwoording van die vrae, moet jy jou kennis, vaardighede en insig toepas.

7. Jy sal benadeel word deur die blote herskryf van die bronne as antwoorde.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

9. Skryf netjies en leesbaar.

SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

### VRAAG 1: HOE HET DIE VAKBONDE APARTHEIDSWETTE IN DIE 1980's UITGEDAAG?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Bestudeer Bron 1A.

1.1.1 Hoekom, volgens die bron, het die Eenheidsamesprekings verskillende vakbonde bymekaar gebring? (1 x 2) (2)

1.1.2 Wat, volgens die bron, was die keerpunt in die strewe (soektog) na eenheid in die vakbondbeweging? (1 x 1) (1)

1.1.3 Noem TWEE vakbonde wat die dood van Neil Aggett betreur het deur 'n 30-minuut werkonderbreking te neem. (2 x 1) (2)

1.1.4 Deur die bron en jou kennis te gebruik, verduidelik die rol wat vakbonde in die ondersteuning van studente-optrede teen apartheidswette gespeel het. (1 x 2) (2)

1.1.5 Definieer die konsep *verbruikersboikot* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

1.2 Verwys na Bron 1B.

1.2.1 Verduidelik wat geïmpliseer word deur die stelling '... in die naam van die stryd vir nasionale bevryding en sosiale geregtigheid' in die konteks van die vakbonde se stryd teen apartheid. (1 x 2) (2)

1.2.2 Wat, na jou mening, is die 'hervormings waaroor gepraat word' waarna Samson Ndou verwys in die konteks van die bekendstelling van die UDF in 1983? (1 x 2) (2)

1.2.3 Noem DRIE onderdrukkende maatreëls wat die apartheidsregering gebruik het in die proses om verandering te bewerkstellig. (3 x 1) (3)

1.2.4 Lys TWEE probleme wat werkers in die township ervaar het, soos genoem deur Ndou. (2 x 1) (2)

1.2.5 Lewer kommentaar oor die betroubaarheid van die bron vir 'n historikus wat die ervarings van swart werkers in Suid-Afrikaanse townships in die 1980's bestudeer. (2 x 2) (4)

SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.3 Bestudeer Bron 1C.

1.3.1 Hoekom het COSATU besluit om hierdie plakkaat te publiseer? (2 x 2) (4)

1.3.2 Wat is die betekenis van die gebruik van die gebalde vuis in die uitbeelding van die vakbondaktiwiteite? (2 x 2) (4)

1.4 Vergelyk Bron 1B en 1C. Verduidelik hoe die inligting in Bron 1C ondersteun Bron 1B met betrekking tot die uitdagings wat werkers in die gesig gestaar het. (2 x 2) (4)

1.5 Raadpleeg Bron 1D.

1.5.1 Watter werkersvakbondfederasie is, volgens die bron, deur die IVP geloods? (1 x 1) (1)

1.5.2 Definieer die konsep *noodtoestand* in die konteks van die werkerstryd teen apartheidswette in die 1980's. (1 x 2) (2)

1.5.3 Op watter prominente vakbondleier se huis is 'n klopjag uitgevoer op 12 Junie 1986 deur veiligheidspolisie in gewone klere? (1 x 1) (1)

1.5.4 Waarom, na jou mening, het die SAW alle bewegings in en uit die COSATU gebou gemonitor? (1 x 2) (2)

1.5.5 Lewer kommentaar op die stelling '... selfs sakeondernemings by die regering begin kla het dat, met vakbondleiers in die tronk, is hulle gedwing om met 'gepeupel' (die massas) te onderhandel.' (1 x 2) (2)

1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) wat verduidelik hoe die vakbonde apartheidswette in die 1980's uitgedaag het. (8)
**[50]**

**VRAAG 2: HOE HET DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) DIE MOORD OP POLITIEKE AKTIVISTE SOOS DIE COSAS 4 HANTEER?**

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Verwys na Bron 2A.

2.1.1 Haal bewyse uit die bron aan wat daarop dui dat Suid-Afrika voor 1994 nie 'n demokrasie was nie. (1 x 2) (2)

2.1.2 Identifiseer DRIE doelwitte van die WVK uit die bron. (3 x 1) (3)

2.1.3 Definieer die konsep *amnestie* in die konteks van die WVK. (1 x 2) (2)

2.1.4 Wie, volgens die bron, was verantwoordelik vir die "ernstige mishandeling" van slagoffers? (2 x 1) (2)

SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za

MAAK ASSEBLIEF HIERDIE 14-BLADSY ADDENDUM LOS

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# VOORBEREIDENDE EKSAMEN

# 2023

**10792**

**GESKIEDENIS**

**(VRAESTEL 2)**

**ADDENDUM**

**14 bladsye**

SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 1: HOE HET DIE VAKBONDE APARTHEIDSWETTE IN DIE 1980's UITGEDAAG?

### BRON 1A

Die bron hieronder verduidelik hoe die vakbondbeweging in die 1980's op die apartheidsregering se wette gereageer het.

**Die Eenheidsamesprekings het meer as vier jaar geneem (1981 – 1985).**

Hulle (gesprekke) het verskillende vakbonde bymekaargebring om ooreenstemming te soek oor die belyning (posisie) van die arbeidersbeweging met die politieke stryd van die meerderheid.

Sommige van hierdie vakbonde was reeds belyn (geassosieer) met die beginsels van die Vryheidsmanifes. Ander, veral dié van die Federasie van Suid-Afrikaanse Vakbonde (FOSATU), het grootliks 'werkeristies' (wat werkerskwessies hanteer) gebly en gepleit vir outonomie (onafhanklikheid) van politieke belange …

Die demokratiese tradisie van die vakbondbeweging het sy massabasis versterk. Deursigtige bestuur en 'n kultuur van aanspreeklikheid is duidelik in die argief se versameling dokumente.

Die dood in aanhouding van Neil Aggett, 'n wit vakbondman wat vir die onafhanklike Food and Canning Workers Union (Voedsel- en Inmaakunie) (FCWU) gewerk het, was 'n keerpunt in die strewe (soektog) na eenheid. Die FCWU het aangekondig dat hul lede op 'n 30-minuut werkonderbreking sal gaan om oor sy dood te rou. FOSATU en die ander onafhanklike vakbonde het by hierdie oproep aangesluit.

Toe, in Mei 1984, het FOSATU en die onafhanklike vakbonde saamgewerk om Meidag-saamtrekke te reël. By hierdie saamtrekke was daar 'n beroep dat Meidag as 'n openbare vakansiedag erken moet word.

In November 1984 het die Kongres van Suid-Afrikaanse Studente (COSAS) 'n beroep op hulle lede gedoen om deel te neem aan 'n wegblystaking om die griewe van studente uit te lig. FOSATU, die General and Allied Workers' Union (GAWU) en die UDF (United Democratic Front) het saamgewerk om die wegblyaksie te organiseer. Dit was 'n groot sukses, met 800 000 werkers wat weggebly het van die werk af en 400 000 studente wat klasse geboikot het.

In 1985 het 'n reeks verskillende vakbondorganisasies saamgewerk om 'n nasionale verbruikersboikot van wit winkels van stapel te stuur. Hierdie optrede het die weg gebaan vir eenheid.

**[Uit https://www.saha.org.za/workers/the_unity_talks.html. Toegang op 31 Oktober 2022 verkry.]**

SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



**BRON 1B**

Die volgende bron is uit ŉ toespraak deur Samson Ndou, die vakbondlid wat sy vakbondleier, Thozamile Gqwetha van die South African Allied Workers' Union, (SAAWU) verteenwoordig het by die bekendstelling van die United Democratic Front op 20 Augustus 1983.

ŉ Besering aan een.

**GEHOOR:** Is besering vir almal.

ŉ Afdanking van een.

**GEHOOR:** Is ŉ afdanking vir almal …

Ek groet julle in die naam van die stryd vir nasionale bevryding en sosiale geregtigheid.

Ek praat as ŉ vakbondman en ŉ werker. Ek praat in die plek van Thozamile Gqwetha, die vakbondleier. Hy kan nie vandag hier wees nie aangesien die Suid-Afrikaanse en Ciskei-Veiligheidspolisie dit vir hom moeilik maak. Sy mede-vakbondlede, Ure Mgojo, Onile Nohushe en David Thandani is Woensdag aangehou. Hierdie aanhoudings en die situasie in die Oos-Kaap wys vir ons duidelik dat die hervormings waaroor gepraat word nie beteken dat onderdrukking sal stop nie.

Skietvoorvalle, verbannings en tronkstraf duur voort terwyl die regering probeer om ons te laat glo dat dinge regtig besig is om te verander. Ons, as werkers, weet dat niks verander nie, en ons kan nie afsydig (op ŉ afstand) bly van ŉ poging wat wys dat die mense hulself moet verdedig nie. Werkers is deel van die samelewing, deel van die gemeenskap. Daarom is die verandering van die samelewing ŉ verantwoordelikheid van werkers omdat ons daardie mag het. As werkers ervaar ons probleme in die fabrieke. Lae lone, ongesonde en gevaarlike werksomstandighede, ŉ gebrek aan verteenwoordiging, dit is die realiteit van ons werksdag, en die vakbonde veg om dit te verander. Maar wanneer die fabriekshekke toegaan, gaan ons terug na ons gemeenskappe, ons townships waar ons ook probleme ondervind as gevolg van ons swak lone. Ons moet hoë huurgeld, onrealistiese elektrisiteitsrekeninge betaal, en vervoer kostes is duur. Ons bly in oorvol huise omdat daar nie genoeg huise vir ons is nie.

**[Verwerk uit: https://repository.up.ac.za/bitstream/handle/2263/66975/. Toegang op 29 Oktober 2022 verkry.]**


SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



**BRON 1C**

Die bron hieronder is 'n plakkaat van COSATU wat in 1987 geteken is. Dit is een van die plakkate wat deur die vakbond tydens hul veldtogte (betogings) in die laat 1980's gebruik is.




- 40 uur werkweek sonder verlies van betaling
- Meidag, 16 Junie en Sharpevilledag as betaalde openbare vakansiedae
- Werksekerheid
- Geen belastingaftrekkings nie
- 'n Minimum van 6 maande betaalde kraamverlof
- 'n Einde aan die hostelstelsel en ordentlike behuising naby werkplekke

VERENIG EN VEG VIR 'N LEWENDE SALARIS

**[Uit https://www.saha.org.za/imagesofdefiance/cosatu.html. Toegang op 2 November 2022 verkry.]**

SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



**BRON 1D**

Die volgende bron verduidelik die reaksies van verskillende instellings op die werksaamhede van die vakbonde in die 1980's.

COSATU se bekendstelling is deur die Inkatha Vryheidsparty (IVP) as 'n bedreiging beskou, en die party het sy eie vakbondfederasie, The United Workers' Union of South Africa (UWUSA), by die Kings Park-stadion in Durban geloods. Sowat 60 000 mense, baie nie-werkers het die bekendstelling bygewoon, wat deur die IVP van regoor die land ingery is.

COSATU-amptenare en -kantore is deur IVP en regeringsmagte aangeval. Kantore in Madadeni en Newcastle is aangeval; die huis van COSATU-amptenaar, Mathews Olifant, is met petrol gebombardeer; terwyl ander amptenare ontvoer of gearresteer is, en werkers is aangeval.

Die staat het op sy beurt 'n tweede noodtoestand afgekondig en 'n bose (brutale) veldtog van aanhoudings en sterk optredes (onderdrukkings) geloods. Baie vakbondlede is gearresteer of geteister, insluitend Jay Naidoo, wie se huis op die eerste nag van die noodtoestand, 12 Junie 1986, deur veiligheidspolisie in gewone klere oorval is.

In die eerste ses weke van die noodtoestand is 2 700 vakbondlede aangehou, die meerderheid van hulle van COSATU. COSATU se hoofkwartier, COSATU Huis in Johannesburg, is versper (geblokkeer) deur die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW), wat alle bewegings in en uit die gebou gemonitor het.

Maar werkers het ook wraak geneem. Honderde het begin staak om teen die aanhoudings te betoog. Toe vyf streekleiers van die Nasionale Mynwerkersunie (NUM) in Kimberley gearresteer is, het 2 000 werkers by vier myne begin staak, een van baie sulke voorvalle ...

COSATU is verbied om in die buitelug te vergader, en ander beperkings het normale vakbondprosesse ontwrig – met die gevolg dat selfs sakeondernemings by die regering begin kla het dat, met vakbondleiers in die tronk, hulle gedwing word om met 'gepeupel' (die massas) te onderhandel.

**[Uit https://www.sahistory.org.za/article/congress-south-african-trade-unions-cosatu. Toegang op 11 November 2022 verkry.]**

SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 2: HOE HET DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) DIE MOORD OP POLITIEKE AKTIVISTE SOOS DIE COSAS 4 HANTEER?**

**BRON 2A**

Die volgende bron fokus op die redes vir die stigting van die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) in 1995.

Na die einde van apartheid, en ook die vrylating van politieke gevangenes in die vroeë 90's en die land se oorgang van onderdrukkende heerskappy na demokrasie in 1994, het Suid-Afrika die totstandkoming van die Waarheids-en-Versoeningskommissie in 1995 gesien wat ŉ deurslaggewende komponent in die oorgang na ŉ vol en vrye demokratiese land was. Die WVK is deur die eerste demokratiese president, Nelson Mandela, kragtens die Wet op die Bevordering van Nasionale Eenheid en Versoening van 1995 gestig en Aartsbiskop Desmond Tutu en Dr. Alex Boraine is onderskeidelik as voorsitter en ondervoorsitter daarvan aangestel.

Die doel van die WVK was om straffeloosheid (vrystelling van straf) te bekamp en ŉ kultuur van aanspreeklikheid (verantwoordelikheid) te herskep, en bowenal om die waarheid oor growwe menseregteskendings te ontbloot en die families van die slagoffers te help om afsluiting (genesing) te kry. Kortom, "die WVK was ŉ verstandige (wyse) stap om die Suid-Afrikaanse gemeenskap te versoen".

Die breë doelwitte van die kommissie was om nasionale eenheid en versoening te bevorder in ŉ gees van begrip wat die konflikte en verdeeldheid van die verlede te bowe sou gaan (oortref/transendeer).

Die primêre fokus van die kommissie was op die slagoffers. Dit het meer as 22 000 verklarings van slagoffers ontvang en openbare verhore gehou waar slagoffers getuienis gelewer het oor growwe skendings van menseregte, wat in die Wet gedefinieer word as marteling, moorde, verdwynings en ontvoerings, en ernstige mishandeling vanweë die apartheidstaat. Diegene wat skendings deur die toedoen van die bevrydingsbewegings gely het – deur lede en leiers van groepe soos die African National Congress, die Inkatha Vryheidsparty en die Pan-Africanist Congress – het ook voor die kommissie verskyn. Die kommissie het meer as 7 000 amnestie-aansoeke ontvang, meer as 2 500 amnestieverhore gehou en 1 500 amnesties toegestaan vir duisende misdade wat gedurende die apartheidsjare gepleeg is.

**[Uit https://www.britannica.com/topic/Truth-and-Reconciliation-Commission-South-Africa. Toegang op 7 Oktober 2022 verkry.]**

SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



**BRON 2B**

Die bron hieronder is ŉ persverklaring deur die Stigting vir Menseregte en die regsfirma, Webber Wentzel. Dit is getiteld "GEREGTIGHEID VIR DIE COSAS 4 FAMILIES" en is op 24 Augustus 2021 vrygestel. Dit fokus op die moord van drie lede van die COSAS 4.

Familielede van die COSAS 4 het die nuus verwelkom dat diegene wat verantwoordelik was vir die dood van drie van die COSAS 4 wat in Februarie 1982, meer as 40 jaar gelede, deur die Veiligheidstak vermoor is, uiteindelik vervolg sal word ...

Die COSAS 4 was lede van die Kongres van Suid-Afrikaanse Studente, wat deur die askaris (informante), Joe Mamasela en Thlomedi Ephraim Mfalapitsa, na ŉ ou verlate pomphuis gelok is, onder die dekmantel (voorwendsel) dat hulle opleiding sou kry oor hoe om sekere wapens te gebruik. Joe Mamasela het hom as ŉ taxibestuurder wat deur Mfalapitsa gehuur is, voorgedoen. Hy het die vier studente na die pomphuis vervoer. Volgens Mamasela, het Mfalapitsa die studente toe na die plek waar plofstof geplant is, vergesel. Lede van die Veiligheidstak het die pomphuis met plofstof gevul. Sodra Mfalapitsa vertrek het, is die pomphuis gesluit en die plofstof is ontplof. Die moorde is deur die Veiligheidstak toegesmeer en het versteek gebly totdat sommige van die oortreders by die Waarheids- en Versoeningskommissie (WVK) om amnestie aansoek gedoen het.

Die families van die COSAS 4 is in hul strewe na geregtigheid, ondersteun deur Brigadier Cliffy Marion wat druk op die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) uitgeoefen het om al daardie oortreders wat voor die Amnestiekomitee verskyn het en amnestie geweier is, te vervolg.

Diegene wat verantwoordelik was vir die moord op die COSAS 4, sluit in die voormalige veiligheidstakbeamptes Carel Coetzee, Willem Frederick Schoon, Abraham Grobbelaar, Christiaan Siebert Rorich en Mfalapitsa, soos in Mei 1999 deur die WVK onthul is. Al vyf is amnestie geweier en die saak is verwys na die NVG vir verdere ondersoek en vervolging. Dit was skokkend dat die NVG sowat 21 jaar lank op die saak gesit het sonder om enige stappe te neem, ondanks die feit dat hulle die identiteit van die oortreders geweet het. Ons glo dat dit ŉ bespotting van geregtigheid sal wees as net Mfalapitsa vir vervolging uitgesonder word, terwyl sy hanteerders wat die instruksies gegee het en die hele voorval beplan het nie aanspreeklik gehou word vir hulle bevelsrol in die moorde nie ...

**[Uit https://unfinishedtrc.co.za/press-release-justice-for-the-cosas-4-families/.Toegang op 6 Oktober 2022 verkry.]**

SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



**BRON 2C**

Die bron hieronder fokus op hoe die families van die COSAS 4 wat 40 jaar lank nie geweet wat met hulle kinders gebeur het nie, gereageer het. Die verhore oor hulle moorde het in Mei 1999 plaasgevind.

Ons weet wie die polisiemanne was. Dié wat vandag nog leef na hierdie verraad en grusame meervoudige moord, loop steeds in ons strate – vrye mans.

Die rede waarom hulle vry is, is omdat ons ANC-regering weier om hulle te vervolg. In 1999, toe die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK), wat die stories ontbloot het en baie aaklige besonderhede van apartheidsera-gruweldade gehoor het, bewyse van menseregteskendings en misdade aan die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) gestuur het, het senior regeringsamptenare druk op die NVG geplaas en die vervolging van al 300 WVK sake is met geweld onderdruk …

Die COSAS 4, so genoem omdat hulle ondersteuners van die Congress of South African Students (COSAS) in die vroeë 1980's was, was Eustice "Bimbo" Madikela, Ntshingo Mataboge en Fanyana Nhlapo, wat almal vermoor is, en Zandisile Musi, wat die ontploffing wonderbaarlik oorleef het …

Nou, byna 40 jaar later, vroeg in September 2020, het die families van die drie vermoorde seuns 'n aansoek by die Krugersdorp-landdroshof ingedien vir 'n bevel om die liggame te laat opgrawe en forensies te ondersoek, met die oog op 'n latere vervolging van die moordenaars. Tydens die amnestieverhore het Coetzee, die bevelvoerder, onthul dat daar nooit enige poging was om die agtergrond van die beoogde slagoffers te ondersoek nie, en dat daar ook geen ondersoek daarna gedoen was nie.

Coetzee het erken: "Ek het nie geweet wie hulle was nie." Hy het met die advokaat saamgestem dat dit "vier kinders met 'n idee" was en het erken dat hy Rorich "nie 'n wetlike opdrag" gegee het nie.

Die families is meegedeel dat die kinders "hulleself opgeblaas het". Die polisie se gedrag was uiters gevoelloos (harteloos) teenoor die families, aangesien hulle nie eers vir hulle gesê het waar die liggame was nie.

Niemand sou ooit geweet het nie totdat Mfalapitsa, geteister (gepla) deur skuldgevoelens en nou 'n pastoor, by die WVK aansoek gedoen het om amnestie, en sodoende sy polisiemaats gedwing het om dieselfde te doen ...

**[Uit <u>https://www.dailymaverick.co.za/article/.</u> Toegang op 21 September 2022 verkry.]**

SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



**BRON 2D**

Die foto hieronder is van Thlomedi Ephraim Mfalapitsa. Dit het in die Sowetan op 21 Augustus 2021 verskyn. Mfalapitsa het op 20 Augustus 2021 voor die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) in die Krugersdorp-landdroshof in verband met die moord op drie van die COSAS 4 lede verskyn.



**[Uit https:// www.sowetanlive.co.za/news/south-africa/2021-08-21-former-vlakplaas-cop-in-court-for-triple-murder-40-years-ago/-. Toegang op 12 Oktober 2022 verkry.]**

SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 3: HOE HET SUID-AFRIKA SE LIDMAATSKAP VAN BRICS DIE SUID-AFRIKAANSE EKONOMIE BEÏNVLOED?**

**BRON 3A**

Die bron hieronder fokus op hoe BRICS tot die globale ekonomie bydra. Dit is geneem uit ʼn aanlyn nuusartikel geskryf deur Moses Twinkle vir die *India Times* op 29 Mei 2022.

Die afkorting BRICS staan vir Brasilië, Rusland, Indië, China en Suid-Afrika. Jim O'Neill, ʼn ekonoom by Goldman Sachs, het die naam BRIC in 2001 uitgedink, wat daarop dui dat die vier BRIC-ekonomieë teen 2050 die wêreldekonomie sal oorheers. In 2010 is Suid-Afrika by die lys gevoeg.

Die BRICS-lande is verantwoordelik vir ʼn kwart van die globale BBP (Bruto Binnelandse Produk). Vier van die vyf BRICS-lede is van die grootste lande wat bevolking en grondoppervlakte betref. Onlangs was China gasheer vir die vergadering van die BRICS-ministers van buitelandse sake. Die vergadering is bygewoon deur die Chinese Minister van Buitelandse Sake, Wang Yi, die Brasiliaanse Minister van Buitelandse Sake, Carlos Alberto Franco França, Rusland se Sergey Lavrov, Suid-Afrika se Minister van Internasionale Betrekkinge, Grace Naledi, en Indië se Minister van Buitelandse Sake, Dr. S. Jaishankar. Die diplomatieke vergadering is veelseggend (gepas), want dit kom op ʼn tyd wanneer ʼn volskaalse oorlog in Oekraïne gevoer word.

… BRICS streef nie net na sosio-ekonomiese herstel na die pandemie nie, maar bou ook veerkragtige (sterk) en selfversorgende voorsieningskettings. Die gevolge van die Oekraïne-krisis het skerp stygings in energiekoste tot gevolg gehad, wat vir die ontwikkelende wêreld versag (verminder) moet word. BRICS moet geen verdraagsaamheid vir oorgrens-terrorisme toon nie. BRICS moet streef na ʼn geglobaliseerde en digitale wêreld omdat dit vertroue en deursigtigheid nastreef. Die BRICS-lande het beduidende bydraes tot wêreldwye armoedeverligting (vermindering) gelewer. Voortgesette BRICS-groei is van kritieke belang vir die vermindering van armoede en die vermindering van internasionale ongelykhede. Deur armoedeverligting en onwrikbare pogings om ongelykhede te oorbrug, het BRICS onlangs na vore getree as die stem van ontwikkelende lande, of die globale Suide, en het ʼn noodsaaklike rol gespeel in die verdediging van die regte van die ontwikkelende lande van die wêreld.

**[Uit https://www.indiatimes.com/explainers/news/brics-and-its-relevance-in-the-contemporary-global-order-570802.html. Toegang op 19 Oktober 2022 verkry.]**

SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



**BRON 3B**

Die volgende bron fokus op die 14de BRICS-beraad wat in Mei 2022 aanlyn (virtueel) gehou is. Dit beklemtoon die voordele van BRICS vir die Suid-Afrikaanse ekonomie.

Suid-Afrika het baat gevind by verhoogde handel met ander lande in die BRICS-groepering en die sinergieë (samewerking) wat gepaard gaan met gesamentlike pogings teen die pandemie. Ramaphosa sal aansluit by die leiers van die ander ontluikende ekonomieë, Brasilië, Rusland, Indië en China wat die groep uitmaak by die 14de BRICS-beraad wat deur China aangebied word. Die vyf lande het die BRICS ekonomiese vennootskap omhels, wat verhoogde marktoegang moontlik maak, terwyl breër wedersydse handels- en beleggingsvoordele as deel van ŉ algehele sakevriendelike omgewing bevorder word. "ŉ Belangrike deel van hierdie strategie, veral vir Suid-Afrika, is om handel te diversifiseer (uitbrei) sodat meer vervaardigde goedere, eerder as rou kommoditeite, verhandel word," het die Suid-Afrikaanse president gesê.

Mede-BRICS-nasies het toenemend belangrike vennote vir Suid-Afrika geword. Verlede jaar het invoere uit die ander vier lande 29 persent van Suid-Afrika se invoer uitgemaak, terwyl uitvoere na hulle 17 persent van die land se totale uitvoer uitgemaak het. Suid-Afrika se handel binne die groepering het van sowat $30 miljard in 2017 tot $44 miljard in 2021 gespring.

Ramaphosa het gesê dat BRICS-lidmaatskap die land sal help om sy mededingendheid, handelsskakels (verbindings) en ekonomiese groei verder te verbeter. Suid-Afrika hervorm groot dele van sy ekonomie, insluitend die energie-, telekommunikasie- en vervoersektore. Dit poog ook om beleggings in infrastruktuur ŉ hupstoot te gee en rompslomp (onnodige regulasies) te verminder. Suid-Afrika het ook voordeel getrek uit samewerkingsmeganismes onder die BRICS-raamwerk, nadat hy $5,4 miljard se finansiële ondersteuning ontvang het van die Nuwe Ontwikkelingsbank, ŉ instelling wat deur die groepering geloods is.

**[Uit https://global.chinadaily.com.cn/a/202206/22/WS62b2716ca310fd2b29e67cc2.html. Toegang op 10 Oktober 2022 verkry.]**

SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



**BRON 3C**

Die spotprent hieronder beklemtoon hoe die BRICS-ontwikkelingsbank poog om armoede in opkomende ekonomieë te verlig. Die spotprent het op 26 Maart 2013 in die *China Daily* (Engelse weergawe) koerant verskyn. Die bank is in 2015 gestig.




**[Uit https://www.chinadaily.com.cn/opinion/2013-03/26/content_16344658.html. Toegang op 1 Oktober 2022 verkry.]**

**boeke**

**geld**

**BRICS ontwikkelingsbank**

SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



**BRON 3D**

Die bron hieronder fokus op die uitdagings wat Suid-Afrika as lid van BRICS in die gesig staar. Dit is op 15 Januarie 2016 deur die *Democracy Works Foundation* gepubliseer.

Die uitdaging vir Suid-Afrika is dat BRICS Suid-Afrika se binnelandse ekonomie kan erodeer (opbruik), omdat baie produkte van BRICS-lande direk meeding met dié van Suid-Afrika, tensy dit behendig (bekwaam) onderhandel word. BRICS en geïndustrialiseerde lande teiken almal Afrika se hulpbronne, wat ŉ direkte bedreiging vir Suid-Afrika se ekonomie inhou. Die groeiende Afrika bied Suid-Afrika, wat aan die suidpunt van die vasteland gesetel is, met die mees gevorderde ekonomie en sy nywerheids- en vervaardigingsektore ŉ eenmalige geleentheid om Afrika se groei te gebruik (daarop te steun) om sy eie ekonomie op te hef. Groeiende Afrika-lande het stowe, yskaste en treine nodig – wat Suid-Afrika produseer.

Ideaal gesproke sou ŉ groeiende Suid-Afrikaanse ekonomie die voorbeeld van Japan kon namaak wat met hul ekonomiese opkoms ná 1945 Oos-Asië daarmee opgehef het. Strukturele struikelblokke, ŉ swak ekonomiese en politieke beleid en verbeeldinglose leierskap het egter die roete van groei vir Suid-Afrika belemmer (bemoeilik). Die alternatief – Suid-Afrika benut (versterk) ŉ groeiende Afrika om sy eie groeivlakke te verhoog – is egter ŉ werklike opsie. Suid-Afrika se werkloses is meestal swart, laaggeskoold en jonk. ŉ Groeiende vervaardigingsektor kan hierdie werkloses opsuig (opraap). Suid-Afrika se vervaardigingsektor is siek. Voormalige vervaardigingsgebiede soos die Oos-Rand is nou feitlik spookdorpe.

Enige deurbrake (vooruitgang) wat ou industriële magte en opkomende magte in Afrika maak, kan Suid-Afrika se pogings ondermyn. Ander BRICS-lande voer reeds vervaardigingsgoedere na Afrika uit, insluitend die insette tot Afrika se beplande infrastruktuurprogramme soos spoorweë, wat veronderstel is om SA se strategiese voordeel te wees. Dit benadeel die vervaardigingsektore wat Suid-Afrika geïdentifiseer het as die sleutel tot werkskepping in sy 2010 Nywerheidsbeleid Aksieplan (IPAP).

**[Uit https://www.democracyworks.org.za/south-africas-brics-challenges/. Toegang op 3 Oktober 2022 verkry.]**

SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



**ERKENNINGS**

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

https://www.saha.org.za/workers/the_unity_talks.html.

https://repository.up.ac.za/bitstream/handle/2263/66975/

https://www.saha.org.za/imagesofdefiance/cosatu.htm

https://www.sahistory.org.za/article/congress-south-african-trade-unions-cosatu.

https://www.britannica.com/topic/Truth-and-Reconciliation-Commission-South-Africa-

https://unfinishedtrc.co.za/press-release-justice-for-the-cosas-4-families/

https://www.dailymaverick.co.za/article/.

www.sowetanlive.co.za/news/south-africa/2021-08-21-former-vlakplaas-cop-in-court-for-triple-murder-40-years-ago/-.

https://www.indiatimes.com/explainers/news/brics-and-its-relevance-in-the-contemporary-global-order-570802.html

https://global.chinadaily.com.cn/a/202206/22/WS62b2716ca310fd2b29e67cc2.html

https://www.chinadaily.com.cn/opinion/2013-03/26/content_16344658.htm

https://www.democracyworks.org.za/south-africas-brics-challenges/.

EINDE

SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.1.5 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik hoekom jy dink die African National Congress, die Inkatha Vryheidsparty en die Pan-Africanist Congress ook voor die kommissie verskyn het. (1 x 2) (2)

2.2 Gebruik Bron 2B.

2.2.1 Watter nuus, volgens die bron, het die familielede van die COSAS 4 verwelkom? (1 x 1) (1)

2.2.2 Noem die TWEE askari's wat in die bron geïmpliseer is as informante van die Veiligheidstak. (2 x 1) (2)

2.2.3 Hoekom dink jy het die Veiligheidstak die moorde toegesmeer en probeer om dit versteek te hou? (1 x 2) (2)

2.2.4 Verduidelik die term *versoening* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

2.2.5 Waarom is die moordenaars van die COSAS 4 amnestie deur die WVK geweier? (1 x 2) (2)

2.3 Lees Bron 2C.

2.3.1 Noem enige TWEE lede in die bron wat ondersteuners was van die Congress of South African Students (COSAS) in die vroeë 1980's. (2 x 1) (2)

2.3.2 Lewer kommentaar oor hoekom Coetzee erken het dat hy Rorich "nie 'n wettige opdrag" oor die moorde van die COSAS 4 gegee het. (1 x 2) (2)

2.3.3 Hoekom dink jy wou die families van die COSAS 4 hul geliefdes opgrawe? (1 x 2) (2)

2.3.4 Verduidelik die bruikbaarheid van die bron vir 'n historikus wat die moord op die lede van COSAS 4 navors. (2 x 2) (4)

2.4 Raadpleeg Bron 2D.

2.4.1 Verduidelik hoekom hierdie foto gepubliseer is. (2 x 2) (4)

2.4.2 Lewer kommentaar oor hoekom slegs 'n paar mense in die foto van die hofsaal uitgebeeld word. (2 x 2) (4)

2.5 Verwys na Bron 2C en 2D. Verduidelik hoe die inligting in Bron 2C die bewyse in Bron 2D aangaande die moord van die COSAS 4 ondersteun. (2 x 2) (4)

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik hoe die Waarheids- en Versoeningskommissie die moord op politieke aktiviste, soos die COSAS 4, hanteer het. (8)

**[50]**

SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 3: HOE HET SUID-AFRIKA SE LIDMAATSKAP VAN BRICS DIE SUID-AFRIKAANSE EKONOMIE BEÏNVLOED?**

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

3.1 Verwys na Bron 3A.

3.1.1 Identifiseer DRIE lande wat lede van BRICS is. (3 x 1) (3)

3.1.2 Wie, volgens die bron, het die naam BRIC uitgedink? (1 x 2) (2)

3.1.3 Definieer die term *pandemie* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

3.1.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis, en verduidelik die impak van die Oekraïne-krisis op die globale ekonomie. (1 x 2) (2)

3.1.5 Lewer kommentaar oor hoekom jy dink BRICS het 'na vore getree as die stem van ontwikkelende lande'. (1 x 2) (2)

3.2 Bestudeer Bron 3B.

3.2.1 Watter land het voordeel getrek uit verhoogde handel met ander lande in die BRICS-groepe? (1 x 1) (1)

3.2.2 Verduidelik die term *beraad* in die konteks van BRICS. (1 x 2) (2)

3.2.3 Gebruik die bron en jou eie kennis, en verduidelik waarom BRICS se ekonomiese vennootskap voordelig is vir lidlande. (1 x 2) (2)

3.2.4 Verduidelik hoe die Suid-Afrikaanse ekonomie voordeel kan trek uit sy BRICS-lidmaatskap. (1 x 2) (2)

3.2.5 Identifiseer die finansiële instelling wat deur die BRICS-groepering geloods is. (1 x 2) (2)

3.3 Raadpleeg Bron 3C.

3.3.1 Watter boodskappe word deur die spotprenttekenaar oorgedra aangaande die BRICS-ontwikkelingsbank se doelwitte vir die verligting van armoede in ontluikende ekonomieë? (2 x 2) (4)

3.3.2 Lewer kommentaar oor die belangrikheid van die BRICS-ontwikkelingsbank vir BRICS-lidlande. (1 x 2) (2)

3.3.3 Verduidelik die beperkings van hierdie bron vir 'n historikus wat die BRICS-ontwikkelingsbank se doelwit bestudeer om armoede vir ontluikende ekonomieë te verlig. (2 x 2) (4)

SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



3.4 Bestudeer Bron 3B en 3C. Verduidelik hoe die inligting in Bron 3B die inligting in Bron 3C ondersteun rakende hoe die Suid-Afrikaanse ekonomie voordeel uit sy BRICS-lidmaatskap trek. (2 x 2) (4)

3.5 Lees Bron 3D.

3.5.1 Identifiseer EEN uitdaging genoem in die bron wat die Suid-Afrikaanse ekonomie ervaar as gevolg van sy BRICS-lidmaatskap. (1 x 1) (1)

3.5.2 Noem EEN produk wat in die bron genoem word wat groeiende Afrika-lande nodig het. (1 x 1) (1)

3.5.3 Noem TWEE faktore uit die bron wat ekonomiese groei in Suid-Afrika belemmer het. (2 x 1) (2)

3.5.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik die impak wat Suid-Afrika se BRICS-lidmaatskap op die vervaardigingsektor in Suid-Afrika het. (2 x 2) (4)

3.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) en verduidelik hoe Suid-Afrika se lidmaatskap van BRICS die Suid-Afrikaanse ekonomie beïnvloed het. (8)

**[50]**

SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae in hierdie afdeling nie.

Jou opstel moet ongeveer DRIE bladsye lank wees.

### VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA – DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980s

Bespreek krities hoe Steve Biko en die Swartbewussynsfilosofie swart mense in Suid-Afrika bemagtig het om in die 1970's teen apartheid op te staan. **[50]**

### VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

Die oorgang na demokrasie in Suid-Afrika in die 1990's was nie maklik nie.

Stem jy saam met hierdie stelling? Gebruik relevante bewyse om jou argument te ondersteun. **[50]**

### VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

Verduidelik tot watter mate Mikhail Gorbachev se beleid van perestroika en glasnost verantwoordelik was vir die politieke veranderinge wat in Suid-Afrika plaasgevind het na 1989. Ondersteun jou argument met relevante bewyse. **[50]**

**TOTAAL: 150**

**EINDE**

SA EXAM PAPERS